

GEBEDFOKUS

Ons loof en dank ons Hemelvader vir:
onverdiende seën,
Sy liefde, genade,
dat ons Hom vrylik kan aanbid en dien,
ons gemeente en leraars.

Ons bid vir ons leraars, kerkraad, kantoorpersoneel en al die bedieninge.

Ons bid vir ons staatspresident, regering -provinsiaal en nasionaal.

Ons bid vir Overberg-munisipaliteit vir wysheid om grond-en behuisingkwessie op te los.

Gebed is nie 'n ingewikkelde godsdienstige ritueel nie. Dit is 'n gesindheid van die hart wat deur die Gees daar geplaas word. –Evelyn Underhill

FINANSIËLE JAAR

Die finansiële state van die vorige boekjaar is van die ouditeur terugontvang en deur die kerkraad goedgekeur. 'n Afskrif is by die kerkkantoor beskikbaar ter insae indien enige lidmaat belangstel.

HANGKLIP SE BASAAR

Op 3 November hou Hangklip basaar. Wolfgang Steinbach vra dat mense wat afskaal, verhuis of net van hul oortollige huisraad ontslae wil raak, hom bel. Hy kom haal gratis en maak sommer terselfdertyd die motorhuis leeg.
Sy nommer is: 082 823 6821

WATERDIGTE BAADJIE GEVIND

'n Goeie baadjie het na die basaar agtergebly. As jy 'n baadjie vermis, kan jy die volgende nommer bel:
028 271 5015 of 083 724 1185



DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

27 Mei 2018

Welkom by die Erediens



09:00 Kerksaal - Dr. Chris Malan

09:00 Hangklip - Ds. Steven Sass

09:30 Kerkgebou - Ds. Theuns Henn

Deurkollekte: Pinksterdankoffer

Eredienste Sondag 3 Junie 2018

08:30 Erediens Kerksaal
09:00 Erediens Hangklip
09:30 Erediens Kerkgebou

Deuroffer: Teologiese Kweekskool

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

ONS GEE OM



Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Ons dink veral aan Hennie Rossouw: HK1,
Johan Smal: HK1 (☎3427), Etienne Gouws: BB5 (☎9689),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Lena Nel: Sa1, Gerda le Roux: Sa3 (☎3254),
Tienie Geldenhuys: Sa4 (☎4814), Maria Human: Sc4,
Le Roux en Ria Burrows: Sb4 wie se suster oorlede is
en Isabel du Plessis: KP.

Met groot hartseer het ons verneem dat Martina Matthiae wat baie
jare lidmaat van ons gemeente was, oorlede is. Ons dink aan haar
familie.

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar,
gelukwens:

Amelia Burger (PB2), Sylvia Coetzee (Sa4),
Werner Coetzer (KB1), Cornelia Compion (Sb3),
Anene Fourie (KB2), Petro Fritz (Sa3), Gusta Marais (KB5),
Roelien van Altena (Sa1).

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Sondag	8:00	Bybelskool
Dinsdag	16:30	Gebedsgroep
Woensdag	09:00	Normaalklas vir Vrouebybelstudie
	16:30	Kommissie vir Administrasie
Donderdag	16:00	Kooroefening
	19:00	Kerkraadskakeling

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Die saambid geleentheid vind weer plaas op **Sondag 3
Junie 2018 om 15:30 in die VG Kerk in Proteadorp**. Let
asb. daarop dat die tyd weer verander het. Kom neem deel
daaraan en ondervind die seën van die eenheid van gelowiges
oor kerkgrense. Vir meer besonderhede bel
Lisel Krige sel 082 572 2711\028 272 9533 of
Hesta Smit 028 271 4000 / 083 608 4356

KERKRAADSKAKELING

Die kerkraadslede kan kennis neem dat die saamkuier met die
VGK Donderdagaand om 19:00 by die gemeentesentrum in
Hangklip is.



BYBELSKOOL

'n Nuwe kursus begin vanaand om 18:00 in die kerksaal en dit
handel oor die Ou Testament. Vanaand sal inleidend gepraat
word en 'n oorsig gegee word oor die kursus. Lidmate kan dan
besluit of hulle die kursus wil volg. Almal is baie welkom.

NUUS UIT DIE KERKRAADSVERGADERING

Erf oorkant die kerkgebou

Een van die erwe wat verkoop is om te help om die gemeentesentrum te
finansier, het onlangs in die mark gekom. Al die lidmate wat
Sondae daar parkeer, weet ons kan nie daardie parkeerplek
verloor nie. Die kerkraad het dus besluit om die erf terug te koop.

Nuwe voorsitter

Ten einde die twee leraars vry te stel van baie van die administrasie en
om hulle toe te laat om aan die besprekings te kan deelneem, is
besluit om een van die ander kerkraadslede as voorsitter te
verkie. Ds. Jannie Hougaard is eenparig as die nuwe voorsitter
verkie en ons wens hom baie sterkte met die nuwe taak toe.